

NOTULE VAN VERGADERING VAN MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING & BEWAREA GEHOU OP 1 FEBRUARIE 2017 TE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die Voorsitter open met gebed en heet almal welkom. Nuwe lede Jasper van Zyl, Flippie Bezuidenhout en Jacques Radley word in die besonder verwelkom.

2. PRESENSIE

Verskoning word aangeteken vir Charl de Wet en Rozain van die Munisipaliteit.

Die presensielys word gesirkuleer.

3. LIEF EN LEED

Die Voorsitter wens Charl Coetzer geluk wat op 16 Januarie verjaar het.

VERKIESING VAN NUWE VOORSITTER, ONDERVOORSITTER EN TESOURIER/SEKRETARESSE

Raadslid Anton Dellelijn neem verkiesing waar en George Nezar word as Voorsitter verkies, Mike Wray as Ondervoorsitter en Ann Pretorius as Tesourier/Sekretaresse.

4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Johan Muller stel die aanvaarding van die notule van die vergadering gehou op 7 Desember 2016 voor en Mike sekondeer.

5. NUWE SAKE VIR BESPREKING

5.1 SAALHUUR EN TYE VAN VERGADERINGS

Raadslid Dellelijn rapporteer dat hy die bespreking van die gemeenskapsaal, vir komiteevergaderings, tans op 'n maand-tot-maandgrondslag hanteer en dat die saal tot dusver gratis deur die Munisipaliteit beskikbaar gestel word.

Die Komitee is dit eens dat vergadertye op die eerste Woensdag van elke maand om 13:00 sal geskied.

5.2 JAARVERGADERING - 21 DESEMBER 2016

Daar word gerapporteer dat ongeveer 40 persone die vergadering bygewoon het. Die Komitee is dit eens dat daar beter geadverteer moet word om meer belastingbetalers te betrek. Raadslid Dellelijn stel voor dat daar by die Munisipaliteit aansoek gedoen word om kennisgewings van die volgende jaarvergadering teen lappale aan te bring. Johan Muller sal ook van 'n megafoon gebruik maak om die vergadering in die gebied te adverteer.

5.3 REEBOKRIF HUISEIENAARSVERENIGING

Die Voorsitter rapporteer dat bogenoemde Vereniging glad nie bestaan nie. Titelaktes van erwe in dié

woongebied bepaal dat eiendomme nie sonder die Huiseienaarsvereniging se goedkeuring van eienaars mag verwissel nie. Tans word dié funksie deur Scholtz Bruwer Prokureurs in George verrig wat dan R499,00 per uitklaring hef. Daar is reeds 'n bedrag van ongeveer R200 000,00 in hul trustrekening. Die Voorsitter is van mening dat dié fondse aangewend kan word om die beperkende titelvoorwaarde uit die titelaktes van alle eiendomme in Reebokrif te verwyder. Die Voorsitter onderneem om die aangeleentheid verder met die verteenwoordigers van Reebokrif te bespreek om 'n plan van aksie van stapel te stuur.

6. AANVULLENDE AGENDA

6.1 POWERTOWN

Die Voorsitter rapporteer dat daar steeds op 'n bevredigende antwoord, aangaande die hervestiging van die Powertowngemeenskap, van die Munisipaliteit gewag word. Raadslid Dellelijn versoek die Voorsitter om 'n opvolg e-pos aan hom te rig ten einde hom in staat te stel om die aangeleentheid met die Munisipaliteit op te neem.

6.2 KRAGONDERBREKINGS / VUURWERKE

Die Voorsitter rapporteer dat raadslid Dellelijn by die vorige Wykskomiteevergadering breedvoerig terugvoering ten opsigte van die onlangse kragonderbrekings gegee het. Melding is gemaak dat die elektrisiteitsaanvraag in Desember te hoog was en kragonderbrekings tot gevolg gehad het. Daar word besluit dat die direkteur van die betrokke direktoraat genooi word om die Komitee toe te lig oor wat die Munisipaliteit vir die toekoms beplan om soortgelyke probleme die hoof te bied.

Johan Muller stel voor dat die Munisipaliteit voortaan tydens kragonderbrekings met die Midbrak Buurtwag skakel. Die Buurtwag kan dan op sy beurt die inwoners inlig om sodoende klagtes in dié verband tot die minimum te beperk. Raadslid Dellelijn onderneem om dit met die Munisipaliteit op te neem.

Nieteenstaande die feit dat die Munisipaliteit baie moeite gedoen het om vakansiegangers aangaande die afvuur van vuurwerke in te lig, het daar nog steeds gevalle voorgekom waar vuurwerke in woonbuurtes afgevuur is. Komitee lede word versoek om hul gedagtes te laat gaan oor 'n werkbare manier om die boodskap by almal uit te kry.

6.3 LOSLOPER HONDE IN STRATE

Mike noem van die drawwer wat in Saffraansingel deur twee honde aangeval is. Die Komitee is van mening dat die reg sy pad moet loop. Die Munisipaliteit het wetgewing tot sy beskikking en moet teen sulke eienaars optree. Daar moet 'n beroep op eienaars van honde gedoen word om seker te maak dat hulle vertrouwd is met die Munisipale regulasies wat op die aanhou van honde betrekking het. Die Munisipaliteit kan dit deur middel van die maandelikse nuusbrieff doen wat diensterekenings vergesel.

6.4 BOETES VIR OORTREDINGS VAN BOUREGULASIES

Die Bou-inspekteur rapporteer dat daar nou 'n boetelys goedgekeur is en dat daar voortaan teen persone/instansies wat onwettige strukture oprig, opgetree sal word. Hy benadruk dat die oprigting van enige struktuur die goedkeuring van die Munisipaliteit moet voorafgaan.

6.5 NUWE EIENDOMSWAARDES

Die nuwe waardasies wat deur die Munisipaliteit onderneem is, word bespreek. Die Voorsitter merk op dat eienaars vir hulself die vraag moet vra of hulle bereid sou wees om hul eiendom teen 'n bedrag gelykstaande aan die nuwe waardasies van die hand te sit. Indien nie, dan het hulle nie 'n rede om teen die waardasies beswaar te maak nie.

6.6 GERESERVEERDE PARKERING EN VERKEERSLIG WAT BUITE WERKING IS

Charl Coetzer meld dat daar uitklaring by die Munisipaliteit verkry moet word aangaande die eienaarskap van parkeerplekke op die sygaardjie voor Barugh's in Voorbaai. Hy maak ook melding van 'n verkeerslig by die kruising naby Langeberg Mall wat reeds vir 18 maande buite werking is. Die Voorsitter versoek hom om aangeleenthede per e-pos aan hom te rig, waarna hy dit met die Munisipaliteit sal opneem.

7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

7.1 BESKIKBARE VERTEENWOORDIGERS: TERGNIET EN RIVERSIDE

Pieter le Roux sal met Charl de Wet skakel om vas te stel of hy nog as verteenwoordiger vir Klein Brakrivier beskikbaar is.

Die Voorsitter meld dat hy nou vir Reebok/Tergniethoogte verteenwoordig en dat daar dus nou vakatures in Tergniet en Riverside is.

Johan Muller stel voor dat daar twee addisionele lede op die Komitee moet dien. Die Voorsitter versoek lede om op die uitkyk te wees vir persone wat bereid sou wees om op die Komitee te dien.

7.2 NOORDSIG 55 (TRAP BY NUWE WOONHUIS BESKADIG)

Charl Coetzer rapporteer dat die aangeleentheid afgehandel is.

7.3 BLOUFLAGHYSING

Die Voorsitter rapporteer dat hy, Mike en raadslede Anton Dellelijn en Annatjie Janse van Rensburg, onder andere, die vlaghysing seremonie bygewoon het. Die blouflag is deur die Speaker van die Stadsraad gehys.

7.4 MUNISIPALE SKAKELBORD: TERUGVOER – FRIK NEL

Staan oor.

7.5 SUSANSLOT: BESKADIGING VAN STRAAT – FRIK NEL

Staan oor.

7.6 TOEGANGSBORDE: REEBOKHOOGTE EN TERGNIETHOOGTE

Johan Muller rapporteer dat die borde nie behoorlik gemonteer was nie en dat dit nou deur die Munisipaliteit reggestel is.

8.5 WEBTUISTE INSTANDHOUDING

Die Voorsitter meld dat die notule van die Desember jaarvergadering op die Vereniging se webtuiste geplaas sal word. 'n Voorstel vir sake vir bespreking op die jaarvergadering deur David Kruger ingedien is, het verlore geraak omrede daar nie toegang tot die e-posadres van die vereniging was nie. Die vereniging se e-posadres toegang kan nie gespoor word nie. Raadslid Dellelijn sal die aangeleentheid ondersoek en afhandel.

9. BYWONING VAN MUNISIPALE KOMITEEVERGADERINGS

Die Voorsitter meld dat hy en Mike Wray die eerste vergadering op 8 Februarie sal bywoon.

10. WYKSKOMITEES: TERUGVOER

Pieter noem dat daar geen besondere terugvoer van die Wykskomitee vir Wyk 4 is nie. Die Voorsitter verteenwoordig nou Wyk 5, en sal terugvoer daarvan gee vir sake van belang.

Charl Coetzer noem dat die versoek ten opsigte van die wandelpad vanaf Impalaweg na die kus van die GOP verwyder is. Die Voorsitter sal opvolg.

11. PROJEKTE

11.1 MIDBRAK N2/R102 ONTWIKKELING

Die voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpsstigting – staan oor tot Julie 2017.

11.2 SAKE BY DIE MUNISIPALE REGSAFDELING

- a. Tennisbane: Klein-Brakrivier (navraag oor eiendomsreg)
- b. Erwe 264 en 271, Reebok (vordering van eiendomsreg)
- c. Koraalsingel 43 (vordering met regsgeding)

Raadslid Dellelijn versoek dat 'n e-pos van die voorsitter aan die regsafdeling, met hulle onvoldoende antwoord daarop, aan hom gerig word waarna hy dit met die Munisipaliteit se regsafdeling sal opvolg.

11.3 STRATE EN STORMWATER (REEBOK EN TERGNIET): KUSWEG 211, 275 & H/V DE JAGER EN KUSWEG

Die Voorsitter versoek Johan Muller om die stormwaterprobleem by die hoek van De Jager en Kusweg per e-pos aan hom te rapporteer sodat hy dit met die Munisipaliteit kan opneem.

11.4 DUINEVERSTEURINGS ASOOK ANDER GRAS EN BEBOSDE AREAS

Kusweg en Paadjies na strand.

12. FINANSIES

Raadslid Dellelijn rapporteer dat die nuutste bankstaat toon dat die Vereniging 'n kredietsaldo van R12309,06 het, plus die ledegeld van R1050,00 wat ontvang is. Hy meld dat tekenregte vir die tesourier, Mike en Charl verkry moet word.

13. POLISIËRING/BUURTWAG

Johan Muller rapporteer dat 'n vergadering deur die Buurtwag gereël is vir Maandag, 6 Februarie 2017, om 18:00 om die veiligheidsituasie in die Midbrakgebied te bespreek.

14. BEWAREA (JORRIE EN JOHANN)

Geen verslag. Raadslid Anton Dellelijn noem dat hulle dit oorweeg om weer op hul eie voort te gaan onafhanklik van die Midbrak Belastingbetalersvereniging.

15. PLAASLIKE SAKE

De Lange uitbreiding: Geen Verteenwoordiging

Toekoms: Geen Verteenwoordiging

Eurekapark: Geen Verteenwoordiging

Fraaiuitsig: Charl Coetzer – Palmboom in Da Gamastraat

Suiderkruis: Geen Verteenwoordiging

Riverside: Jasper van Zyl – Groot boom wat later probleem sal word moet afgesaag word

Tergriet: Geen Verteenwoordiging –VAKANT

Tergniethoogte: Mike Wray – Geen Probleem

Klein Brakrivier: Pieter Le Roux –Voetgangersbordjies en Strepe in pad

Reebok: - Noord – Geen verslag

Reebok: -Suid Johan Muller – Geen probleem

Reebokhoogte: Jacques Radley – Geen probleem

Reebokrif: Flippie Bezuidenhout – Geen probleem

16. KORRESPONDENSIE

Larry D'Aguiar versoek dat 'n spoedhobbel in Gillstraat aangebring moet word. Besluit dat hy verwittig word dat dit die Munisipaliteit se beleid is om nie meer spoedhobbels in strate aan te bring nie.

Johan Muller – Erf 142 – Brandgevaar. Erf 861 is 'n brandgevaar.

Besoek D Grant –R102 – Brigit Maritz:

a) Koerant – geen kommentaar

b) Versoek bywoon van vergadering – Voorsitter sal bywoon.

c) R102 opgradering – Pierre Barkhuizen – dat Riverside nie uitgesluit sal word nie. Jasper versoek dat daar

tydens die opgradering, die probleem van oorstroming van woonhuise in Riverside ook aangespreek word.

d) Sludge Dam – No EIA -

e) Toilette – Beyerstraat – Word voorgestel om toilette by parkeerarea aan te bring.

Daar bestaan tog 'n behoefte en 'n versoek moet aan die owerheid in dié verband gerig word.

f) Rommel onder brug van N2 – CV Jonathan Bennett

Raadslid Dellelijn versoek dat 'n e-pos aan hom in dié verband gestuur word waarna hy dit verder sal opvolg.

17. ALGEMEEN

Geen sake vir bespreking.

18. VOLGENDE VERGADERING

Die volgende vergadering sal op Woensdag, 1 Maart 2017, om 13:00 in die Reebok Gemeenskapsaal plaasvind.

Die vergadering verdaag om 15:40. (Ek is nie baie seker van die tyd nie)